Ned Geref Kerk in Namibië

Vorm 2.3

Akte van Demissie

Nadat die Kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente _____ al die vereiste stukke in verband met ds _____, predikant alhier, se (*voeg toepaslike sinsnede hier in)* [1] gesien en in orde gevind het, ontslaan die Kerkraad hom/haar van sy/haar diens as herder en leraar in hierdie gemeente, en wens hom / haar van harte toe dat hy/sy in sy/haar nuwe betrekking met die meeste vrug mag arbei aan die saak van die Christendom, en steeds Gods beste seëninge tot tydelike en ewige heil mag ondervind.

Die Kerkraad maak hom / haar hiermee op 'n vererende wyse los van alle betrekkinge tot die kerkraad en die gemeente alhier en oorhandig hierdie Akte van Demissie, wat ook as attestaat dien, met die opregte bede dat die arbeid in die nuwe werkkring met groot vrug onder die seënende hand van die Here mag geskied..

Die broer / suster word vergesel van sy/haar eggenoot/eggenote _____

_____

en die volgende belydende lidmate:

_____

[1] In gevalle waar 'n predikant demissie ontvang

- aanvaarding van die beroep as leraar van die gemeente _____,
- benoeming as _____ *(pos wat aanvaar is, sowel as die naam van die betrokke meerdere vergadering)* en die aanvaarding van die beroep na die gemeente _____ *(naam van gemeente aan wie die predikant gekoppel word).*
- verstryking van sy / haar termynpos (KO Art 11 + besluit by KO Art 11);
- onbekwaamheid of ongeskiktheid (KO Art 12.7.2):
- losmaking vanweë die gemeente / kerkverband se finansiële onvermoë (bedryfsvereistes) (KO Art 12.7.3)
- losmaking in terme van tugmaatreëls (KO Art 64.5);
- losmaking vanweë die aanvaarding van 'n ander betrekking (nadat hy / sy van die Algemene *Algemene Taakspan Regte* verlof ontvang het om proponentsbevoegdheid te behou) (KO Art 11, punt 3.3 van NGKN Regl 3);
- losmaking met die oog op verdere studie (nadat hy / sy van die Algemene *Taakspan Regte* verlof tot behoud van proponentsbevoegdheid ontvang het,) (punte 4.2 en 4,3 van NGKN Regl 15; punt 3.3 van NGKN Regl 3)

_____

_____

_____

sowel as die volgende dooplidmate:

_____

_____

_____

Gegee deur die Kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente _____ te _____ *(plek)* op _____ 20 __ *(datum)* en geldig vanaf _____ 20 __ *(datum)*.

_____ _____

Voorsitter / Konsulent **Skriba**